**IS DIE EEN WAT DIE FEESTE INGESTEL HET, VANDAG NOG ERNSTIG OOR HIERDIE VASGESTELDE TYE?**

Besluit maar self:

1. Hy het gesê dat die doel waarom die son en die maan en die sterre geskep is, onder meer vir die korrekte bepaling van die vasgestelde tye (oftewel: die feeste) was - Bereshiet (Genesis) 1:14.
2. Hy het volgens alle aanduidings sy Boodskapper tydens ‘n Fees van Ongesuurde Brode na Avraham gestuur met die belangrike boodskap dat daar presies ‘n jaar later, weer tydens dieselfde fees, vir Avraham en Sarah ‘n seun gebore sou word, wat later bekend sou staan as Yitsgak (Isak), die seun van die belofte - Bereshiet (Genesis) 17:21; 18:10,14; 19:1-3; 21:2,8.
3. Hy het dit so bestem dat die aanvang van die 430 jaar lange periode van slawerny in Egipte presies met die aanbreek van die Fees van Ongesuurde Brode ooreengestem het - Shemot (Exodus) 12:41.
4. Hy het die volk Yisrael uit Egipte laat uittrek op dieselfde feesdag, 430 jaar later, weereens presies met die aanbreek van die Fees van Ongesuurde Brode, nadat Hy op die voorafgaande dag aan hulle die diepere betekenis van Pesag (Pasga) bekend gemaak het deur die eersgeborenes van Egipte met die dood te tref en die eersgeborenes van Yisrael te spaar op grond van die bloed aan die deurkosyne van hulle huise - Shemot (Exodus) 12:41.
5. Hy het opdrag gegee dat daar enkele dae na die uittog uit Egipte ‘n fees in die woestyn gehou moes word, waarskynlik die eerste amptelike viering van die Fees van die Eerstelinggerf wat in Wayyikra (Levitikus) 23:10-14 beskryf word - Shemot (Exodus) 3:18; 5:1; 8:27; 10:9.
6. Hy het die gee van die Torah op die berg Sinai met ‘n feesdag laat saamval, na alle waarskynlikheid die Fees van Shavuot (Pinkster) - Shemot 19:1,10-19; 24:1-7.
7. Hy het herhaaldelik in die Woord aangedui dat die feeste ‘n ewige insetting is wat nie net tot ‘n sekere periode beperk was nie - Shemot (Exodus) 12:14,17; Wayyikra (Levitikus) 16:29,31,34; 23:14,21,31,41.
8. Hy het die volk Yisrael deur die Yarden (Jordaan) rivier laat trek op die tiende dag van die eerste maand (Aviev), sodat daar genoeg tyd was om voorbereidings te tref sodat hulle hulle verblyf in die beloofde land met Pesag (14 Aviev) en die Fees van Ongesuurde Brode (15 Aviev) kon begin - Yahushua (Josua) 4:14; 5:10-12.
9. Hy het vir Shelomo (Salomo) sodanig geseën dat hy die bou van die tempel in sewe jaar kon voltooi, om dit daarna op plegtige wyse tydens Trompettefees, Yom Kippur en Loofhuttefees aan Yahweh toe te wy - 1 Melagiem (Konings) 8:1-5; 65-66.
10. Hy het koning GizkiYah (Hiskia) opgewek om die volk tydens Pesag en Ongesuurde Brode, as deel van ‘n kragtige herlewing, weer terug te lei na die Een op wie hulle die rug gedraai het, en na Sy weë - 2 Kronieke 30:13-21.
11. Hy het koning YoshiYah (Josia) opgewek om ‘n hernude verbond namens die volk met Yahweh te sluit en hierdie herlewing het sy hoogtepunt bereik met ‘n onvergeetlike Pesag en Fees van Ongesuurde Brode - 2 Kronieke 34:30-33; 35:1,16-18.
12. Hy het Ezra en NegemYah (Nehemia) uitgekies om die volk uit Babiloniese ballingskap terug na Jerusalem te lei en te begin om die tempel te herbou en hierdie groot gebeurtenisse in die geskiedenis van die volk Yisrael is by meer as een geleentheid gevier tydens die fees van Ongesuurde Brode, Trompettefees en Loofhuttefees - Ezra 6:21-22; NegemYah 8:2-6; NegemYah 8:14-18.
13. Hy het deur die profeet Daniel openbaar dat dit in die laaste dae die strategie van die Antimessias sou wees om die vasgestelde tye (die feeste!) en die wet van die Allerhoogste te probeer verander - Daniel 7:25.
14. Hy het deur sy diensknegte, die profete, bekendgemaak dat die Shabbat, die feeste en die nuwemane tot aan die einde sal voortbestaan en selfs in die duisendjarige vrederyk, die herstelde koninkryk van Yahweh wat ná die tweede koms van die Messias ‘n aanvang sal neem, gevier sal word - YeshaYahu 66:19-24; Yegezkel 44:24; 45:17; 45:21; 45:23,25; 46:9,11; ZegarYah 14:16-19
15. Hy het sy eie Seun, Y'shua die Messias, na hierdie wêreld gestuur. Terwyl daar ‘n baie sterk vermoede is dat Y'shua tydens die Loofhuttefees gebore is (beslis nie tydens Kersfees nie!), is daar geen twyfel nie dat Hy op die dag van Pesag, op dieselfde uur dat die gesinne van Yisrael

hulle Pesaglammers geslag het, aan ‘n folterpaal gesterf het en op die dag van die Eerstelinggerf uit die dood opgestaan het - Yahuganan (Johannes) 1:14; 19:31; 20:1; 1 Korintiërs 15:20-23.

16. Hy het gekies om baie van die leringe oor die laaste dae in die vier Evangelies te laat opteken, in die vorm van gelykenisse waarin die feeste of die oes-siklus, wat ten nouste met die feeste saamhang, die sentrale gedagte vorm - MattitYahu (Matteus) 13:31; 13:33; 21:33; 22:1; 24:32; Lukas 12:16; 13:6; 20:9.

17. Hy het in sy Seun se hart ‘n baie sterk verlange geplaas om die Pesag saam met sy dissipels te vier en het dit vir ons op meer as een plek in die Skrif laat opteken dat Y'shua self uitgesien het na die dag wanneer Hy die Pesag in die komende vrederyk sal geniet - MattitYahu (Matteus) 26:29; Markus 14:25; Lukas 22:15-18.

18. Hy het deur sy Seun aan die dissipels opdrag gegee dat hulle na die hemelvaart in Yerushalayiem moes gaan wag om met krag uit die hoogte toegerus te word. Op die dag van Shavuot (Pinksterfees) het Hy sy Gees op diegene uitgestort wat vir die fees bymekaar gekom het. Hierdie uitstorting van Yahweh se Gees het tot kragtige tekens en ‘n verreikende herlewing aanleiding gegee - Handelinge 2:1-47.

19. Hy het ‘n begeerte en ‘n dringendheid in die harte van die vroeë gelowiges in die Messias geplant om die feeste so getrou as moontlik by te woon en dit nie as "Joodse feeste" af te maak nie - Yahuganan (Johannes) 12:20; Handelinge 2:1; 18:21; 20:16; 27:9; 1 Korintiërs 5:8; 16:8; Judas 1:12 en Kol 2:16-17 (Die korrekte vertaling van dié twee verse in Kolossense is as volg: "Wanneer dit kom by ‘n fees of ‘n nuwemaan of ‘n Shabbat, wat ‘n skaduwee is van die toekomstige dinge, moenie dat enige iemand julle oordeel in [sake soos] kos en drank nie, maar [slegs] die liggaam van die Messias").

20. Hy het duidelik in sy Woord aangedui dat die gebeure aan die einde van die dae, rondom die tweede koms van sy Seun na hierdie wêreld, op die feesdae of vasgestelde tye sal plaasvind - MattitYahu (Matteus) 24:30-31; 1 Korintiërs 15:52; 1 Tessalonisense 4:16-17; Openbaring 8:2,6-13; 10:7; 11:15 (die blaas van die basuin of trompet dui onmiskenbaar op die aankondiging van ‘n fees - vgl. Bemidbar / Numerie 10:10).